GEMEENTE. LES 38

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* JAKOBUS 4 – 5; 1 PETRUS 1 - 2

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Jakobus 4 – 5; 1 Petrus 1 - 2). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[CHRISTELIKE OUERSKAP]* (2) SPREUKE 22:6

Herhaal twee- twee:
(2) Ontwikkel alle terreine. Spreuke 22:6. "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie."

4	BYBELSTUDIE (85 minute) *[EVANGELIE VAN JOHANNES]* JOHANNES 17:1-26

Inleiding. Johannes 14 - 17 bestaan uit die gesprekke van Jesus by die laaste paasmaaltyd (Pasga) (Johannes 13:1) vóór sy kruisiging. In hoofstuk 17 eindig Jesus sy gesprekke met 'n gebed. Sy gebed kan in drie dele verdeel word. Hy bid:

- vir Homself (Johannes 17:1-5)
- vir sy elf dissipels (Johannes 17:6-19)
- vir die Christelike Kerk/Gemeente in die hele wêreld (Johannes 17:20-26).

Hy wys daarop dat gebed God verheerlik.

In Matteus 6:9-13 leer Jesus vir Christene hoe om te bid. Maar sy hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 is uniek, omdat Hy tot *sy Vader* en nie tot *ons Vader* bid nie (vers 1). Hy bely geen sondes of ander swakhede of tekortkominge nie, maar weet dat Hy God se wil volmaak vervul het (vers 4). Hy praat oor sy wesenlike verhouding tot God (vers 5). Hy *smeek nie as 'n ondergeskikte* (deur die Griekse woord 'aiteó' te gebruik), *maar vra dit as 'n gelyke* (deur die Griekse woord 'erotaó' te gebruik. Hy vra van sy Vader as Een wat alle antwoorde op sy gebede verdien het (vergelyk Johannes 11:22). Die tema is die Groot Opdrag van Jesus Christus aan sy dissipels op die aarde wat hulle moet uitvoer, nie as 'n verdeelde gemeenskap (in oneindig baie kerkgenootskappe) nie, maar as 'n enkele geestelike eenheid. Hy het met oop oë opgekyk na die hemel toe.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 17:1-26 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

Ontdekking 1. Die inhoud van die hoëpriesterlike gebed van Jesus Christus.

In sy gebed vir Homself verheerlik Jesus Christus God die Vader en vra Hy dat God die Vader Hom sal verheerlik. In sy gebed vir sy elf dissipels erken Hy dat hulle aan God die Vader behoort en dat God die Vader hulle aan Hom gegee het. Hy het die onsigbare God en sy woorde aan hulle geopenbaar. Hulle het sy woorde aangeneem, geglo en gehoorsaam. Nou sou Hy hulle met die Groot Opdrag in die wêreld uitstuur om die waarheid te verkondig. Hy bid dat:

- hulle één sou wees
- hulle die volle vreugde en blydskap sou besit
- hulle beskerm sou word teen die duiwel
- hulle geheilig sou word deur die werk van Christus en sy woorde.

In sy gebed vir die Christelike Kerk/Gemeente wêreldwyd, met Christene uit verskillende kulture bid Hy vir hulle eenheid, sodat die (onkundige, sondige, vyandige) wêreld kan glo dat God Jesus Christus gestuur het! Hy bid dat hulle eenmaal ook by Hom sou wees, sodat hulle sy heerlikheid kan sien. En Hy bid dat die liefde van God en Hyself voortdurend in hulle sou woon. Wat 'n fantasties gebed!

Ontdekking 2. Die eenheid van liefde tussen God die Vader, Jesus Christus en Christene.

In Johannes 17:4,6 lees ons oor *die liefde van Jesus Christus vir God die Vader en vir Christene*. Jesus Christus het God die Vader liefgehad deur die werk wat God die Vader Hom op die aarde gegee het heeltemal te vervul (voltooi). Dit het God op aarde verheerlik! En Jesus Christus het Christene lief deur 'die Naam' en dus die wese van God die Vader soos Hy Hom in Christus en in die Bybel geopenbaar het, aan hulle te openbaar. Jesus het die eienskappe van God in verband met die verlossing aan hulle geopenbaar.

In Johannes 17:26 lees ons oor *die liefde van God die Vader vir Jesus Christus en Christene*. Jesus bid dat die liefde wat God die Vader vir Hom het, ook in die Christene in die wêreld sal wees.

In Johannes 17:6,8 lees ons oor *die liefde van Christene vir Jesus Christus en God die Vader*. Die Christene het Jesus lief deur te bely dat Hy van God die Vader af kom. Hulle weet dit verseker en verkondig dit ook aan ander mense. Christene het God die Vader lief deur sy Woord te gehoorsaam.

Daarom word die ware eenheid tussen die Enigste God en sy volk op die aarde nie langer verteenwoordig deur een of ander nasionale of politieke eenheid, soos die volksstaat van Israel gedurende die Ou-Testamentiese periode nie. Die ware eenheid tussen God en sy volk op aarde word nie tot stand gebring deur 'n uiterlike kerklike organisasie as een of ander kerkgenootskap (as byvoorbeeld die Rooms Katolieke Kerk nie) of een of ander vereniging van kerke nie (as byvoorbeeld die Kerk van Suid Indië nie). Die werklike eenheid tussen God en sy volk op aarde word alleen gerealiseer deur Jesus Christus en sy liefde. God red sy uitverkore volk van begin tot end deur Jesus Christus. Die band wat ontstaan tussen God en sy volk is liefde!

Hierdie liefde van Christene vir God is nie net emosionele liefde nie, maar word deur die volgende drie Bybelverse gekenmerk:

- Markus 12:30-31 leer dat hierdie eenheid en band van liefde gekenmerk word deur 'n totale toewyding aan die God van die Bybel met jou hele menslike wese en karakter.
- Johannes 14:21,23 leer dat hierdie eenheid en band van liefde tussen God en sy volk gekenmerk word deur gehoorsaamheid aan God se Woord in die Bybel.
- En Johannes 13:34-35 leer dat hierdie eenheid en band van liefde tussen God en sy volk gekenmerk word deur Christene in die wêreld wat mekaar liefhet soos wat Christus hulle liefhet.

STAP 3. VRAAG. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 17:1 - 26 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

17:1

Vraag 1. Wat bedoel Jesus as Hy sê: 'Die uur (tyd) het gekom'?

Aantekeninge. Met hierdie uitdrukking wys Christus dat Hy bewus is daarvan dat vir elke gebeurtenis wat in die geskiedenis plaasvind daar *'n vasgestelde moment* in die ewige plan van God is. Hy weet dat in elke gebeurtenis in die groot drama van die heilsgeskiedenis daar *'n eksakte moment* in God se plan is.

In die Evangelie van Johannes sê Jesus Christus dikwels by verskeie geleenthede: "My tyd het nog nie gekom nie" (Johannes 2:4; 7:6,8,30; 8:20). Maar toe Hy gepraat het van sy komende sterwe aan die kruis, het Hy gesê: "Die tyd het gekom (Grieks: eléluthen hé hóra) (voltooid teenwoordige tyd) dat die Seun van die mens verheerlik moet word" (Johannes 12:23). Aan die begin van daardie Donderdagaand, tydens die laaste paasmaaltyd saam met sy dissipels, het Hy geweet dat sy tyd gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader toe (Johannes 13:1). Die konteks toon aan dat Jesus Christus nie net aan sy dood gedink het nie, maar aan die voltooiing van sy hele aardse bediening. Jesus Christus het geweet dat die oomblik vir sy dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging aangebreek het! In die denke van Jesus Christus gaan sy lyding op aarde en sy daaropvolgende verheerliking in die hemel, saam!

In Johannes 12:32 het Hy gesê dat Hy verhoog sou word. Hy het verwys na sy verhoging aan die kruis én na sy verhoging na die troon van die heelal! Hy het gesê, "As Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek." Jesus Christus is "die sigbare openbaring van die onsigbare God" (Kolossense 1:15) en Jesus Christus is: "God by ons" (Matteus 1:23). Vanaf die eerste eeu n.C. af, is God steeds besig om mense deur Jesus Christus na Hom toe te trek! In Johannes 14:3-4 het Jesus gesê dat Hy na die hemel gaan om plek vir die Christene gereed te kry, sodat Christene vir ewig by Hom kan wees. In Johannes 16 het Jesus Christus gesê dat Hy vanuit die hemel op die aarde werk deur die Heilige Gees. Hebreërs 7:25 het gesê dat Jesus Christus ook vanuit die hemel deur sy aanhoudende gebede vir Christene sou werk. Die werk van Jesus Christus in die hemel sou baie mense op die aarde tot bekering bring en blydskap bring. Daardie uur het nou aangebreek! Dus 'die tyd wat gekom het" is 'n verwysing na sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging in die hemel!

17:1

Vraag 2. Wat het Jesus bedoel toe Hy gevra het: 'Verheerlik U Seun'?

***Aantekeninge*.** God die Vader verheerlik God die Seun. Jesus bid dat God Hom d.m.v. sy kruisdood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging sou verheerlik. Hy vra van God dat sy (m.n. Christus) goddelike kenmerke (eienskappe) soos die reënboog in baie kleure deur die wêreld gesien sou word. Nie net die kruis nie, maar ook die kroon verheerlik Christus!

(1) Die heerlikheid van Christus is in sy kruisiging geopenbaar.

Sy dood aan die kruis het sy volmaakte gehoorsaamheid aan God die Vader, sy *oneindige liefde* vir verlore mense in die wêreld en sy *absolute mag* oor die satan, geopenbaar.

(2) Die heerlikheid van Christus is in sy opstanding geopenbaar.

Sy opstanding uit die dood het sy *volledige oorwinning* oor die sonde en al die gevolge van die sonde geopenbaar. Dit openbaar dat God se heilige en regverdige toorn oor die sonde bevredig is en dat God sy soenoffer vir sondes volledig aanvaar het. Sy opstanding uit die dood het ook sy *absolute mag* oor die dood, die verderf, die wanhoop en die sinloosheid geopenbaar. Sy opstanding uit die dood waarborg ook ons toekomstige opstanding uit die dood en dat die lewe na die dood baie sinvol sal wees. Sy opstanding uit die verderf waarborg ook die toekomstige vernuwing van die aarde, die verwydering van wanhoop op hierdie aarde en die verwesenliking van sinvolle lewe op die nuwe aarde.

Die historiese gebeurtenis van sy opstanding het Hom (sy menslike natuur) gebring (of: het Hom aangewys) in die historiese en ewige toestand waarin Hy heeltemal bepaal (beheers) word deur die Heilige Gees. Deur sy opstanding het Hy die swakheid van sy menslike natuur afgelê en het Hy elke verbinding met die sonde en die dood verbreek. Vanaf sy opstanding is sy menslike natuur verander en gekenmerk deur so begiftig te wees met die Heilige Gees en so beheers te word deur die Heilige Gees dat Hy volkome geïdentifiseer word met die Heilige Gees! Daarom staan daar in 2 Korintiërs 3:17 geskrywe, "(Christus) die Here *is* die Gees"[1] (en nie soos ANV: "Die Here *beteken hier* die Gees" nie). Daarom wordt Hij in 1 Korintiërs 15:45 "die levendmakende Gees"[2] genoem! Net soos sy menslike natuur ná sy geboorte gekenmerk was "uit die geslag van David" te wees, so is sy menslike natuur ná sy opstanding uit die dood gekenmerk deur "die Gees van heiliging"[3] te wees (Romeine 1:4). Hy is in 'n posisie van *soewereine almag* gebring en is beklee met alles- en almal-oorwinnende krag (Jesaja 9:6; Matteus 28:18; Efesiërs 1:20-22; Filippense 2:9-11; 1 Petrus 3:22; Openbaring 1:8) wat alles oortref wat in sy vorige menslike toestand aan Hom toegeskryf kon word. Ná sy opstanding is die menslike natuur van Jesus Christus 'n heerskappy van volledige en volmaakte krag van die Heilige Gees!

Jesus Christus het aanspraak gemaak daarop dat Hy die Verlosser van die wêreld en die Here van die heelal is. Sy opstanding uit die dood is die beslissende bewys vir die geldigheid van al sy aansprake! En dit is die kragtigste demonstrasie van die waarheid van al sy onderrig.

(3) Die heerlikheid van Christus is in sy hemelvaart geopenbaar.

Sy hemelvaart het sy *volledige aanvaarding* deur God geopenbaar. In Johannes 17:5 bid Jesus Christus: "Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het!" *Reeds voor die skepping van die heelal was Jesus Christus volledig gelyk aan God die Vader* (Filippense 2:6-8). In die heerlike teenwoordigheid van God die Vader was daar geen sonde en geen lyding nie.

Maar om mense op die aarde te red, het Hy vrywilliglik hierdie heerlikheid prysgegee, die swak menslike natuur (naas sy goddelike natuur) aangeneem, onder sondige mense op aarde gewoon, die sondes van die wêreld op sy sondelose liggaam geneem en dit aan die kruis gedra (1 Petrus 2:24).

Die beeld word ontleen aan 'n Romeinse generaal wat na sy oorwinning 'n groot oorwinningsparade in Rome hou en gevolg word deur duisende mense wat hy oorwin het.

[1] Grieks: ho de kurios to pneuma estin
[2] Grieks: pneuma zóopoioun
[3] Grieks: pneuma hagiósunés

- Johannes 17:5. Die uur het aangebreek dat Jesus Christus weer terug sou keer na die heerlikheid van God die Vader in die hemel! Sy hemelvaart was nie net ’n terugkeer na die hemel toe nie, maar is ’n manifestasie van sy volledige oorwinning oor alle ongehoorsame mense en alle bose geeste in die menslike geskiedenis.
- 2 Korintiërs 2:14 sê dat Jesus Christus alle Christene as ’t ware in sy triomftog en oorwinningsparade saamneem en dat die lieflike geur van sy triomf oral bekend gemaak word.
- Efesiërs 4:8-10 sê dat Hy, nadat Hy neergedaal het in die laagste plekke van die aarde (dat Hy die gevalle menslike natuur aangeneem het), het Hy opgevaar bo alle hemelruimtes soos die atmosfeer en sterrehemel na die hoogste hemel (vergelyk 2 Korintiërs 12:2), d.w.s. na die woonplek van God die Vader; “hoog bo elke mag en gesag, elke en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom waar alles aan Hom onderwerp is” (Efesiërs 1:21-22). In hierdie hemelvaart het Hy krygsgevangenes saamgeneem (vers 8).
- Kolossenzen 2:15 sê dat nadat Hy elke (menslike en geestelike) mag en gesag op die aarde ontwapen en aan die kruis oorwin het, het Hy hulle in die openbaar vertoon deur sy opstanding en hemelvaart.
- 1 Petrus 3:18-19 sê dat nadat Jesus Christus deur die Heilige Gees opgestaan het uit die dood, sy ‘opgaan’ na die hemel toe ‘n ‘verkondiging’ van sy volledige oorwinning was oor die ongehoorsame geeste in die hel. En 1 Petrus 3:22 sê dat sy ‘opgaan’ na die hemel die onderwerping van alle engele, magte en kragte aan Hóm behels het.

(4) Die heerlikheid van Christus is in sy troonsbestyging geopenbaar.

Sy troonsbestyging aan die regterhand van God die Vader in die hemel het enersyds sy *volmaakte beloning* vir sy verlossingswerk wat volbring is geopenbaar en andersyds *sy absolute mag* oor alles en almal in die heelal.

Drie duisend jaar gelede, gedurende die Ou-Testamentiese periode, het God al beloof dat Hy Jesus Christus sou verheerlik deur aan Hom alle volke op die aarde as sy erfdeel te gee, Hom die Heerser oor al hierdie volke te maak en Hom die Regter oor alles wat teen Hom opstaan te maak (Psalm 2:7-12). God het beloof dat Hy Hom sou verheerlik deur Hom ’n plek aan sy regterhand op die troon in die hemel te gee en Hom vir ewig tot Hoëpriester van God se volk te maak (Psalm 110:1-4). En God het beloof om Hom te verheerlik deur Hom ‘die Hoeksteen’ van sy nuwe tempel (d.i. sy Kerk/Gemeente) op die aarde te maak, d.w.s., dat Hy Jesus Christus tot die Allerbelangrikste Deel (dus die Koning) van sy volk op die aarde sou maak (Psalm 118:22-23; vergelyk Efesiërs 1:22).

Twee duisend jaar gelede, aan die begin van die Nuwe-Testamentiese periode en na sy opstanding uit die dood, het Jesus Christus gesê dat God aan Hom “alle mag in die hemel en op die aarde” gegee het (Matteus 28:18). So is Jesus Christus na sy opstanding en hemelvaart gekroon “hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy *en elke naam wat genoem word (vergelyk NLV)*, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom” (Efesiërs 1:20-21).

17:1

Vraag 3. Wat het Jesus bedoel toe Hy gebid het ‘Verheerlik U Seun, sodat die Seun U kan verheerlik’?

***Aantekeninge*.** Dis nie net God die Vader wat God die Seun verheerlik nie, maar God die Seun verheerlik God die Vader ook! Jesus bid dat Hy deur sy volbragte verlossingswerk, deur sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging, God die Vader sou verheerlik. Dit is geen selfsugtige gebed nie, omdat Hy bid dat wat daar ook al met Hom gaan gebeur, God die Vader sou verheerlik. Die kruis en die kroon openbaar nie net die deugde van Jesus Christus nie, maar ook die deugde van God die Vader. Alle eienskappe van God die Vader kom tot uitdrukking in die verlossingswerk wat God die Seun volbring het. In Johannes 17:4 sê Jesus Christus dat Hy God die Vader verheerlik het deurdat Hy die werk wat God die Vader Hom gegee het, volbring het. Alle eienskappe van God die Vader kom tot volledige openbaring in die dood, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus! Byvoorbeeld:

(1) Die dood en opstanding van Jesus Christus openbaar die volmaakte heiligheid en geregtigheid van God.

Omdat God heeltemal volmaak, heilig en regverdig is, moet Hy alle vorms van onheiligheid en ongeregtigheid van mense haat en straf. As God nie volmaak heilig en regverdig was nie, sou Hy die onheiligheid en ongeregtigheid van mense deur die vingers kon sien of gewoon verduur. Hy sou sekerlik nie sy geliefde Seun onnodig aan die kruis laat sterf het nie.

Maar omdat God volkome heilig en regverdig is, het Hy ook Jesus Christus beloon vir sy volbragte verlossingswerk wat Hy op die aarde. As God nie volkome heilig en regverdig was nie, sou Hy Christus ook nie uit die dood laat opstaan het nie en ook nie aan Hom die troon van die heelal gegee het nie!

(2) Die dood en opstanding van Jesus Christus het die volmaakte liefde, barmhartigheid en genade van God vir verlore mense op die aarde geopenbaar.

God se heiligheid en geregtigheid vereis die volmaakte straf vir die sondes en kwaad van alle mense. Maar sy liefde, barmhartigheid en genade het die straf op Homself geneem! God het die menslike natuur in Jesus Christus aangeneem en Jesus Christus het gesterf as die volmaakte offerlam, “die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem” (Johannes 1:29).

Jesus Christus het God se volmaakte geregtigheid wat die sonde moet straf geopenbaar, maar ook God se volmaakte liefde wat hierdie straf op Homself geneem het! In die hele geskiedenis van hierdie wêreld is dit nét die kruis van Jesus Christus wat God se geregtigheid en God se liefde met mekaar versoen het! As God alleen maar regverdig was, maar nie liefde nie, dan sou geen enkele mens in die geskiedenis gered kon word nie, omdat geen mens deur sy eie godsdienstige werke (belydenis, bid, vas, gee, pelgrimsreise) of goeie werke gered kan word nie (Handelinge 13:39; Romeine 3:20; Galasiërs 2:16; 3:10-11; Jakobus 2:10-11)! En as God maar net liefde was, maar nie ook regverdig nie, dan sou Hy 'n slegte god wees wat nie in staat is om mense weer in die regte verhouding met Hom te bring en dus te red nie (Johannes 15:13; Romeine 5:6-11; 1 Petrus 4:9-10)!

17:2

Vraag 4. Waarom praat die Bybel voordurend oor alle mense wat God aan Christus gegee het?

***Aantekeninge*.** In Johannes 17:2 sê Jesus dat God die Vader aan Hom die mag gegee het oor alle mense, sodat Hy alle mense wat God die Vader aan Hom gegee het kan red (verlos).

(1) Jesus Christus het gesag en mag oor alle mense in die wêreldgeskiedenis.

Die woorde "alle vlees" (AOV), of "mensdom" (ANV) beteken 'alle mense (wat hul getal betref) en 'is almal in hulle teenwoordige swak en sondige natuur' (wat hulle toestand betref). Jesus Christus het dus gesag en mag oor alle mense in elke stam, taal, volk en nasie op die aarde (Johannes 3:35; Matteus 28:18). Hy het gesag en mag oor alle politieke, militêre, sosiale en godsdienstige leiers van elke nasie op aarde! Daar is geen enkele uitsondering hierop nie!

(2) Jesus Christus red net die mense wat God die Vader aan Hom gegee het.

Die mense op die aarde is nie soewerein oor God nie, maar God is soewerein oor alle mense! Die mense op die aarde kies nie vir God of Jesus Christus nie, maar God of Jesus Christus kies die mense wat Hy wil red (verlos)! Selfs al glo jy in die volkome vrye wil van die mens of in 'n beperkte vrye wil van die mens, bly die aantal mense wat gered word beperk. Die Bybel en die praktyk leer ons dat nie alle mense in die geskiedenis in Jesus Christus glo nie en dus dat nie alle mense in die geskiedenis geregverdig (gered, verlos) word nie. As Jesus Christus praat oor "alle mense wat God die Vader aan Hom gegee het", dan dink Hy aan die mense wat in God se ewige raadsplan gered (verlos) sal word.

Jesus Christus het hierdie waarheid in die Evangelies van Matteus en Johannes geleer. In Matteus 11:27 het Jesus gesê: "Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar."

En in Johannes 6:44, 37 en 39 sê Hy: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie .... Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan *nie sal verloor nie*, maar dit opwek in die laaste dag." En in Johannes 10:28-29 leer Jesus Christus: "Ek gee hulle (as individuele gelowiges) die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het (naamlik, die hele kudde skape), is meer (spesiaal, groter, belangriker) as almal (naamlik, alle ander skepsels) en niemand kan (hierdie kudde) uit die hand van My Vader ruk nie."

Jesus Christus het mag en gesag oor alle mense in die wêreld, sodat niemand kan keer dat Hy dié red (verlos) wat God die Vader aan Hom gegee het nie! Jesus Christus gaan nie alle mense red (verlos) nie, maar Hy sal baie mense uit elke stam, taal, volk en nasie in die wêreld red (verlos) – 'n ontelbare menigte (Openbaring 7:9)!

Dié wat God aan Jesus Christus gegee het, is die hele kudde wat bestaan uit die volle getal van gelowiges in Jesus Christus wat gered sal word uit elke stam, taal, volk en nasie op die aarde (Romeine 11:25-26). Jesus het gepraat van "één kudde, één Herder (Johannes 10:16), die één Liggaam (Kerk/Gemeente) van Jesus Christus of die één Koninkryk van God in die wêreld.

17:3

Vraag 5. Wat is die ewige lewe?

***Aantekeninge*.** Jesus Christus het gesê: "Dit is die ewige lewe; dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." Jesus gee nie 'n definisie van die ewige lewe nie, maar toon aan hoe die ewige lewe openbaar word en hoe fantasties dit is.

(1) Wat is die ewige lewe?

Die ewige lewe is die nuwe lewe wat God aan dié mense gee wat weergebore is deur in Jesus Christus te glo. Die nuwe lewe bestaan uit die volgende:

- Om Jesus Christus persoonlik te ken (Johannes 17:3),
- Om deel te kry aan sy goddelike natuur (2 Petrus 1:3-4)
- Om bewustelik en vir ewig in sy teenwoordigheid te leef (Matteus 25:46).

(2) Hoe manifesteer die ewige lewe hom?

Die ewige lewe manifesteer hom op aarde deurdat Christene:

- met vreugde/blydskap Jesus Christus *erken* (Johannes 1:10) as hulle Verlosser en Soewereine Here

- Sy liefde en leiding *aanneem* (Johannes 1:12; 1 Johannes 5:11-13)
- *vertroulik* met God die Vader deur Jesus Christus *omgaan* (1 Johannes 1:1-3) deur Bybel te lees en te bid.

(3) Wie het die ewige lewe?

Mense wat die ewige lewe het, erken dat die God van die Bybel, wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het, alleen die Enigste ware God is (Johannes 1:1,14,18; Kolossense 1:9; 2:9). Hy is nie dieselfde 'god' waarmee die ander godsdienste hulle besig hou nie, omdat die ander godsdienste duidelik sê dat hulle god hom nie in Jesus Christus geopenbaar het nie (2 Korintiërs 1:3)! Hulle god is 'n afgod wat deur mensehande gemaak is of 'n god wat deur die wysheid van filosowe of godsdienstige mense ontwerp (uitgedink/bedink) is. Hulle god is na die beeld en voorstelling van mense gemaak en is meestal 'n refleksie (weergawe/afbeelding) van wat mense is of wil wees. Nét mense wat die God van die Bybel erken en bely, het ewige lewe en manifesteer die ewige lewe!

17:1

Vraag 6. Wat beteken dit om die Naam van God die Vader aan mense te openbaar?

***Aantekeninge*.** In Johannes 17:6 sê Jesus: "Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het." 'Die Naam' van God die Vader beteken 'God die Vader Self' soos Hy Hom met sy goddelike eienskappe geopenbaar het op die gebied van verlossing (in die Ou-Testamentiese profete en die Nuwe-Testamentiese apostels). Niemand ken die Lewende God nie, behalwe Jesus Christus alleen (Johannes 14:6; Matteus 11:27)! Buiten Jesus Christus kan geen mens geestelike sake in hulle werklike, innerlike wese en waarde ken nie. Elke mens wat Jesus Christus verwerp, kan nooit God die Vader leer ken nie (Lukas 10:16)! Die doel waarvoor Jesus Christus na die aarde toe gestuur is, was om God, sy wese, sy karakter en sy plan aan mense op die aarde te openbaar en om die mense wat God die Vader aan Hom gegee het, te red (verlos) (Johannes 1:16-18). Die ewige lewe beteken om God die Vader te ken (Johannes 17:3)!

17:21

Vraag 7. Hoe moet ons die gebed van Jesus Christus oor die 'eenheid onder Christene' verstaan?

***Aantekeninge*.** In Johannes 17:21 bid Jesus Christus: "dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."

(1) Die twee soorte eenheid is nie dieselfde nie.

Die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het, is die Vader van God die Seun (Jesus Christus) in metafisiese, ontologiese, trinitariese en ewige sin. Hy is ook 'die Vader' van Christene, nie in wesenlike, simboliese of biologiese sin nie, maar nét in 'n geestelike sin (vergelyk Handleiding 2, Supplement 8).

Die eenheid tussen God die Vader en God die Seun is 'n wesenlike, ontologiese eenheid, maar die eenheid tussen God die Vader of Jesus Christus en Christene is 'n geestelike, mistieke eenheid. In die eenheid het Christene dieselfde lewe en dieselfde persoonlike vertroulike verhouding met God die Vader as wat Jesus Christus met Hom het.

Die eenheid tussen Christene in die wêreld is nie 'n organisatoriese eenheid nie, maar 'n eenheid wat hom openbaar in gemeenskaplike liefde en samewerking. Jesus dink gladnie aan 'n wêreldwye kerkgenootskap met 'n spesifiek kerklike (organisatoriese) struktuur nie, omdat kerkgenootskappe en hiërargiese kerkstrukture heeltemal onbekend was in die Nuwe Testament! Net soos *die wesenlike eenheid* tussen God die Vader en God die Seun gemanifesteer word in hulle samewerking in die skepping, verlossing en oordeel, só manifesteer *die geestelike eenheid* tussen Christene hom in hulle samewerking in die werk van verlossing op die aarde. Christene moet met dieselfde toewyding en liefde saamstaan en voortgaan met die verkondiging van die evangelie, die verdediging van die waarheid, in die aanbidding van die Lewende God en in die dien van mense op die aarde! Hulle moet aan die mense op die aarde sigbaar wys dat hulle mekaar liefhet en mekaar opbou (Johannes 13:34-35).

(2) Die eenheid in die wese van God is die fondament vir die eenheid onder Christene op die aarde.

Die ontologiese eenheid *in die wese* van God maak die *geestelike* eenheid in verhoudinge onder Christene moontlik. Nét mense wat van bo uit Gees gebore (weergebore, opnuut gebore) is, is in God die Vader en in God die Seun. Nét hulle kan met mekaar geestelik één wees. Nét hulle kan saam weerstand bied teen die kwaad in die wêreld.

Die rede waarom dit belangrik is dat Christene hierdie eenheid sigbaar manifesteer, is dat dit die enigste manier is dat mense in die wêreld sal kan glo dat God (Christus) werklik bestaan en dat Hy Jesus Christus gestuur het om hulle te red (verlos). Die waarheid van die Bybel moet hoorbaar verkondig en sigbaar gemanifesteer word! Saam is Christene sterk en het hulle ontsaglik baie invloed in die wêreld. Daarom moet Christene daarna streef om in vrede te leef met ander Christene wat Christus opreg bely. Hulle moet saam Christus verkondig en saam mense op allerlei maniere ter wille van Christus dien.

Natuurlik mag samewerking tussen Christene nooit plaasvind ten koste van die waarheid in die Bybel nie. Die waarheid in die Bybel is onveranderlik en ewig. Maar daar is verskillende moontlike toepassings van hierdie waarheid. Byvoorbeeld, Christene moet gereeld bymekaarkom en mekaar aanspoor tot liefde in hulle verhoudings en goeie werke in hulle bedienings (Hebreërs 10:24-25).

Maar die Bybel skryf nie voor wanneer, waar en hoe hulle dit moet doen nie. De Bijbel praat nie oor ’n wêreldwye eenheid in byvoorbeeld godsdienstige verpligtinge (bely, bid, vas, gee, pelgrimsreis maak, godsdienstige kleredrag, besnydenis, rituele wassinge en voedselwette soos byvoorbeeld onder die Jode), maar wel oor ’n geestelike eenheid in liefde en ’n samenwerking in goeie werken (Efesiërs 2:10).

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Johannes 17:1-26.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 17:1-26.

17:3. Maak seker dat jy die ewige lewe het. Maak seker dat jy Jesus Christus ken (2 Korintiërs 13:5).
17:4. Verheerlik God deur die werk wat Hy jou gegee het om te doen, ook uit te voltooi (Kolossense 4:17).
17:6. Maak God bekend aan die mense in die wêreld, soos Hy Homself geopenbaar het.
17:6-8. Mense wat die woorde van Jesus Christus aanneem en gehoorsaam is ware Christene.
17:9. Bid veral vir die mense wat God aan jou sorg toevertrou het.
17:11-12. Bid vir die beskerming van Christene teen die kwaad in die wêreld.
17:14-15. Leef vír Christus in hierdie wêreld, en moenie deelneem aan die sondes in hierdie bose wêreld nie.
17:15. Bid vir die beskerming van Christene teen die aanslae van die duiwel.
17:17. Laat God jou steeds meer heilig deur die waarhede in die Bybel aan te neem en te gehoorsaam.
17:18. Wees oortuig dat Jesus Christus jou in hierdie wêreld geplaas het met ‘n belangrike taak.
17:19. Leef ’n heilige lewe in hierdie wêreld sodat ander mense in hierdie wêreld dit ook begin doen.
17:20. Bid vir jou geestelike kinders en kleinkinders.
17:21-23. Bid vir geestelike eenheid, liefde en samewerking tussen Christene in hierdie wêreld sodat ander mense in die wêreld in Jesus Christus gaan glo.
17:26. Besef goed dat net wanneer mense die God van die Bybel leer ken, hulle ook die liefde van die God van die Bybel in hulle kan hê.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 17:1-26.

Ek het liefde tot die belangrikste doel in my lewe gemaak. Daarom ontwikkel ek myself op drie terreine: ’n steeds groter toewyding aan God, die Bybel ywerig te gehoorsaam en die liefde teenoor ander Christene te beoefen!

Ek wil in my gebede nie net vir myself bid nie, maar ook vir die mense in hierdie wêreld, veral vir die mense wat God aan my sorg toevertrou het.

STAP 5. BID. REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 17:1-26.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5 GEBED (8 minute) *[VOORBIDDING]*

BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6 VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]*

VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 17 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit 1 Petrus 3 - 5.

Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.

4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (3) Leer God se Woord. Deuteronomium 6:6-7. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.